Eikestad hou wynfees vroeg

MEER as 60 wynplase neem vanjaar deel aan die Stellenbosch-Wynfees – een van die Kaap se oudste kos- en wynfeeste.

Die fees, die agtste sedert sy ontstaan, word van 1 tot 5 Julie aangebied – 'n tikkie vroeër as gewoonlik – om saam te val met die Wêreldbeker-sokkertoernooi.

Nuut by vanjaar se fees is 'n pendelbusdiens.

Wynliefhebbers kan hul motors by enige van die afgemerkte parkeer-en-ry-punte los en in 'n pendelbussie klim om 'n wynplaas van hul keuse te gaan verken.

Kaartjies is beskikbaar aanlyn teen R150 per persoon per dag en R500 vir 'n goue toegangskaartjie wat al die dae van die fees dek. Skakel 021 886 4310.